O. CULLMANN, *Der Staat im Neuen Testament*. J. C. B. Mohr, Tübingen. 1956.

Die verhouding van Kerk en Staat het eers vanjaar 'n aktuele wending in Suid-Afrika geneem; moderne Europa, onder die toenemende outokrasie van die owerheid in sommige lande, het reeds sedert 1936 die vraag na die grense van die staatsmag aan Skrif en Kerk gestel. Aan die beantwoording van die vraag het die grootste teoloë van ons eeu deelgeneem—Martin Niemöller, Reinhold Niebuhr, Karl Barth, K. L. Schmidt, E. Brunner, A. van Ruler en talle andere. Die Hervormde Kerk in Nederland het selfs 'n spesiale kommissie benoem om die verhouding van Kerk en samelewing in die lig van God's Woord te ondersoek. Dit is daarom te verwagte dat een van die bekwaamste neotestamentici van ons tyd, Cullmann, sy aandag op die aan hom kenmerkende manier aan hierdie vraagstuk sal gee.

Dit is nietemin nie die eerste maal dat Cullmann oor die onderwerp skryf nie. Vroeër het daar reeds van hom verskyn, *Konigsherrschaft Christ und Kirche im Neuen Testament*, en effens later, *Die ersten christliche Glaubensbekenntnisse* en betreklik onlangs, *Christus und die Zeit*. In al hierdie werke raak hy fasette van die probleem van die verhouding van Kerk en staat aan. Die resultate van veel voorstudie en jare van helder deurdenke oor hierdie probleem wat nou oral in die wêreld aktueel word, behandel Cullmann op 'n seldsaam oortuigende en eenvoudige wyse in die werk onder bespreking.

Eintlik bestaan die boek uit niks meer nie as net 'n grondige eksegetiese ondersoek van Mrk. 12:13 (die vraag oor die belasting), Rom. 13: 1vv., en Openbaringe 13:1vv. Maar met 'n seldsaam ryke skat van kennis, algehele ideologiese onbevangenheid en 'n groot eksegetiese begaafdheid, stel Cullmann die wesentlike leer van die Nuwe Testament

oor die regte en grense van die owerheidsmag. Sy finale gevolgtrekking lui dat die staat 'n tydelike, begrensde en aan God onderhorige funksie het. Tree hy buite sy grense om hom seggenskap toe te eien wat alleen aan God toekom, ontvang hy die gesig en die oordeel van die dier van Openb. 13.

Gesien die probleem van die verhouding van Kerk en Staat oral in die moderne wêreld, het min werke so tydig verskyn as hierdie boek van Cullmann.

A. S. GEYSER.